**SA MEDIA**
Die Universiteit van die Vrystaat

| Bron | Datum | Onderwerp | Knl | |
|---|---|---|---|---|
| 0119 | 990905327 | 21C | 32070 | 0 |

Rapport P. 1 Datum 3 Sept 2000

# 'n Belydenis oor onderwys, asseblief Minister!

## Ná ses jaar weet ons nog nie hoe nie

**Hoe is dit dan dat Suid-Afrika 'n goeie onderwysbeleid het en miljarde aan onderwys bestee, maar daar is geen merkbare resultate nie? JONATHAN JANSEN (foto) gee 'n antwoord.**

Iets is verskriklik verkeerd.

Aan watter standaarde ook al gemeet, Suid-Afrika bestee buitensporig baie geld aan onderwys, met baie min resultate om daarvoor te wys.

Die onderwysbesteding (amper R50 miljard in die 2000/1-boekjaar) maak sowat 2% uit van die totale nasionale begroting (byna 28% van die nie-rentedraende besteding) en sowat 6% van die bruto nasionale produk.

En tog, byna elke vergelykende studie van die prestasie van onderwysstelsels plaas Suid-Afrika onder die groep state wat die swakste presteer – of ons nou met ontwikkelende lande vergelyk word of met meer gevestigde ekonomieë.

Die bewys van die onderprestasie van ons nasionale onderwysstelsel is oorweldigend, of dit op die gebied van wiskunde en wetenskap is (soos die Verslag oor Internasionale Studies van Onderwysprestasie aantoon), die syfervaardigheid van jong kinders (die Onderwys vir Almal-verslag) en die algehele gehalte van ons onderwys (die Wêreldwye Mededingendheidsverslag)

Daar is groot kwelvrae. Wat word van die R50 miljard wat elke jaar aan onderwys bestee word? Waarom vaar 'n land met soveel bronne in vergelyking met die ander lande in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap so swak? Waarom het 'n land met meer as twintig universiteite so min impak gemaak op die gehalte van onderwys?

Waarom het die land wat meer nie-regeringsorganisasies (NRO's)

TREFWOORDE
1 Bylae
2
3
4
5
6
7
8
9
10

**SA MEDIA**
**Die Universiteit van die Vrystaat**

Bron 0119 | Datum 0094032247 | Onderwerp 25 | Knip 32072

Rapport P 1 Datum 3 Sept 2000

oor onderwys het as enige ander post-koloniale staat eenvoudig geen beduidende impak gemaak op die formele onderwysstelsel nie? Waarom kan 'n land met 'n taamlik gesonde basiese onderwys-infrastruktuur en 'n stabiele politieke stelsel vergeleke by baie ander ontwikkelende lande eenvoudig nie al 12 miljoen leerders in aanvaarbare klaskamertoestande akkommodeer nie?

En waarom druip sowat 50% van ons leerlinge wat gelukkig genoeg is om tot gr. 12 in die skoolstelsel te bly, in weerwil van die magtige politieke gesag van 'n ANC-regering en die aanstelling van een van die energiekste kabinetslede as onderwysminister?

Ek is nie seker die antwoord lê in anekdotes oor lui onderwysers nie. Daar is 'n gedragskode vir onderwysers wat fouteer. Ons kan ook nie die ou klagtes herhaal oor die afwesigheid van 'n leerkultuur onder studente nie. 'n Veldtog, Colts (Culture of Teaching, Learning and Service), om die leerkultuur te herrestig, is al ses jaar aan die gang.

Ons kan ook nie dieselfde stories oor onbekwame regeringsamptenare herhaal nie – daar is talle konsultantsverslae en 'n omvattende verslag van die presidensiële hersieningskommissie wat hierdie probleme boekstaaf. Geen ander land het 'n indrukwekkender beleid en meer gedetailleerde operasionele plan om onderwys te verander nie.

Wat is dan die probleem?

Ek glo dis tyd vir die Ministerie van Onderwys en sy operasionele arm, die Departement van Onderwys, om te bely: ondanks al die geld, kundigheid en welwillendheid tot ons beskikking, het ons nie 'n benul oor IMPLEMENTERING nie. Ons weet eenvoudig nie hoe om te werk te gaan om skole te verander nie. Weens hierdie onkundigheid oor implementering het ons swaar geleun op die simboliek van onderwysverandering in die hoop dat dit die aandag sal aftrek van die modaliteite van hoe om onderwysinstellings te maak werk.

Hierdie probleem is vererger met die aanstelling van prof. Kader Asmal as Minister van Onderwys. Hy is duidelik die beste beskikbare politikus om in post-apartheid-Suid-Afrika aan die spits te staan van onderwys. Hy het egter een groot swakheid. Hy maak staat op die simboliek van verandering soos glansgeleenthede wat die media se aandag trek; veelkleurige onderwysplanne soos Tirisano; die verandering van gebouname, soos die naam van sy departement se gebou van Magister-gebou na Sol Plaatje-huis; die instelling van onderwysertoekennings ensovoorts. Maar dit het geen werklike trefkrag in die lewe van swart en werkersklasmense nie.

'n Mens sien ook die gevolg van hierdie swakheid in die nie-volhoubare ontwikkelingsinisiatiewe wat hy in sy vorige departement, waterwese en bosbou, begin het en in die vrae wat nou deur ANC-vennote soos die SA Demokratiese Onderwysersunie gevra word oor die afwesigheid van beduidende verandering in skole en klaskamers.

Die publiek, indien nie die media nie, begin hierdie verskil tussen simboliek en substansie aanvoel. Tussen indrukwekkende beleid en swak resultate. Tussen massiewe begrotingsbesteding (insette) en weinig tekens van doeltreffende studie (uitsette).

Dit sal 'n minister met groot moed verg om toe te gee dat, ondanks ses jaar se opgewonde gehyg in onderwys, daar geen resultate is nie.

Dit sal 'n groot dosis nederigheid verg om te erken ons het nie 'n idee oor hoe om te implementeer nie, dit wil sê hoe om beleidsideale in praktiese veranderinge om te skep in die nasie se skole.

Die Ministerie van Onderwys se baanrekord in ag genome, moet 'n mens nie te optimisties wees dat so 'n belydenis gedoen sal word nie. Veral nie met die plaaslike verkiesing in aantog nie.

● *Jonathan Jansen is die dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

TREFWOORDE

1 ..............................
..............................
2 ..............................
..............................
3 ..............................
..............................
4 ..............................
..............................
5 ..............................
..............................
6 ..............................
..............................
7 ..............................
..............................
8 ..............................
..............................
9 ..............................
..............................
10 ..............................
..............................